Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XX | DONDERDAG 2 SEPTEMBER 1965 | NR. 11

FLEURETTE BLOEMISTE

Sleep in by Fleurette vir julle BLOMME . . .
SPESIALE AFSLAG

Kerkstraat 143 Tel. 4062

Hoofredakteur vir Wapad benoem

Die nuwe hoofredakteur van die Wapad vir die 1965 / 66 termyn is mnr. Koot Reinecke, 'n tweedejaar B.Sc-student en onder-redakteur van Die Wapad vir die afgelope termyn.

Hy volg mnr. Arrie de Beer op.

NUWE STUDENTERAAD DINSDAG VERKIES

KRAGTENS 'n besluit van die studenteraad sal daar by wyse van proefneming 'n gewysigde prosedure gevolg word met die verkiesing van die nuwe studenteraad volgende week.

Die wysiging het slegs betrekking op die wyse waarop stemme getel en uitgebring sal word. Die gegewens blyk uit 'n uiteensetting wat die S.R.-voorsitter mnr. Fanie du Plessis Dinsdagaand, 24 Augustus tydens 'n massavergadering gegee het.

Die verkiesing van die nuwe studenteraad vind op Dinsdag 7 September, gedurende die dag plaas. 'n Stembus sal van die oggend om 8 vm. tot die aand om 6 nm. in werking wees by die studenteraadskantoor. Klasse gaan op die gewone wyse aan. Die vakansiedag wat in die verlede tydens die verkiesing bestaan het verval dus, aldus mnr. Du Plessis.

Hy het weer eens die studenteraad se standpunt omtrent die afskaffing van ontgroening gestel, en gesê dat die S.R. by sy ou standpunt bly dat ondergroening afgeskaf is.

Die studentemassa kon hulle nie hiermee vereenselwig nie en sal na alle waarskynlikheid die saak weer aan die nuwe studenteraad later vanjaar voorlê.

Massa-vergadering gehou

'n Massavergadering word op Woensdagaand, 8 September, 'n dag na die verkiesing van die nuwe S.R.-lede in die Totiussaal gehou waartydens die aftredende voorsitter, mnr. Fanie du Plessis die jaarverslag van die huidige studenteraad sal voorhou. Die nuwe studenteraad sal tydens die vergadering die amp oorneem.

Bandeloosheid nie geduld, sê kanselier

Die regering sal nie bandeloosheid aan ons universiteite toelaat nie. Hierdie verklaring is op die onlangse N.P.-kongres deur sen. J. de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, gedoen.

Min. De Klerk kanselier van die P.U. vir C.H.O., het gepraat na aanleiding van 'n beskrywingspunt wat vra dat die Regering versoek word om alle kommunistiese en liberalistiese neigings aan universiteite aan bande te lê.

Hy het gesê die toestand aan een Universiteit geniet nou aandag en daar word op die uitslag gewag. „Die Regering sal nie in die vryhede van die universiteite ingryp nie, maar bandeloosheid kan nie geduld word nie, het hy gesê.

Die Regering subsidieer die universiteite jaarlikse (71 persent van hul koste) en die inrigtings is van groot belang vir die toekoms van die land.

EERSTEJAARS VAN RAAD BEDIEN

Mnr. J. J. Hattingh is deur die Raad van die Universiteit aangestel as senior administrasiebeampte. Die stap is gedoen na aanleiding van die hoë druipsyfer onder eerstejaarstudente.

Mnr. Hattingh sal voornemende eerstejaarstudente van raad bedien en behulpsaam wees met die verkryging van lenings en beurse. Hy sal in die besonder die eerstejaars bystaan in die maak van die regte vakkeuses.

Die Wapad het met hulle hulp verskyn

Graag wil ek langs hierdie weg my bedanking uitspreek teenoor die volgende persone wat 'n onmisbare rol gespeel het in die verskyning van Die Wapad gedurende die afgelope termyn:

Die eienaar en personeel van Enslins — Die Drukkers, vir hulle geduld en bereidwilligheid om altyd diens en hulp aan die Redaksie te verskaf:

Mnr. Piet van Maarleveld van Fotokuns, wat nie alleen alle fotos vir Die Wapad gratis ontwikkel en afgedruk het nie, maar ook onder drukkende werksaamhede belangrike fotos geneem het;

Mnr. Francois de Villiers, vorige hoofredakteur en mnr. Hans van Zyl wat gereeld berigte en artikels vir gebruik beskikbaar gestel het;

REDAKSIE

Aan die Redaksie van Die Wapad en in die besonder aan mnre. Koot Reinecke (onderredakteur), Dok Briers (sportredakteurs), Cas de Villiers (varia-redakteur) Jan Breet (advertensiebestuurder), Johan van der Bergh en mej. H. Mollett (kunsredaktrise) my hartlike dank. Hulle werk sou egter sonder die bystand en hulp van die verslaggewers en tiksters onmoontlik gewees het. My hartlike dank ook mejj. Hendriëtte du Plessis, Magda Lubbe, Karien Venter, Marie Viljoen, en mnre. Dawie Smith, Blackie Vorster en Albie Swart;

Aan die persone wat 'n tyd lank aan die Redaksie verbonde was en aan mnre. D. Theron, B. Hellberg my dank.

'n Besondere woord van dank aan mnr. Koot Reinecke wat 'n groot deel van dié uitgawe van Die Wapad in my afwesigheid moes behartig.

Ek glo en vertrou dat die verdere diens wat hy aan die studentekoerant, in sy hoedanigheid as hoofredakteur sal lewer, tot voordeel van die studentegemeenskap van die P.U. sal wees.

A. S. de Beer

Eksamen kom haas nader, en kennis uit die „boonste rakke" gaan baie waardevol word. Die Puk-dametjie is hier besig met die studentehandboekeksamen van die studenteraad, wat onlangs afgeneem is.

Foto: Fotokuns

Beeldende kuns word vanaand bespreek

Regter J. F. Marais van Pretoria hou vanaand (Donderdagaand) 'n lesing oor die beeldende kunste in die onderste saal van die Frans du Toitgebou van die P.U. vir C.H.O.

Die vergadering begin om 7.30 nm. Alle belangstellendes in die beeldende kunste is hartlik welkom om dit by te woon.

GEDENKTEKEN

Die Afrikaanse Calvinistiese beweging is verantwoordelik vir die oprigting van die vywer wat reeds langs die Ferdinand Postma-biblioteek in aanbou is. Die gedenkteken word opgerig ter ere van Johannes Calvyn, en sal Novembermaand in gebruik geneem word tydens die A.C.B.-kongres.

Liberaliste se doelwit dat A.S.B. met S.R. moet breek, sê Matie

„Na aanleiding van hierdie besluit is dit duidelik dat dit hier eindelik gaan om 'n regstreekse aanslag van de Liberaliste op die bestaansreg van die A.S.B. Die eintlike doelstelling van die Liberaliste is dat die A.S.B. sy verbintenis met die Studenteraad verbreek."

So het mnr. Boy Geldenhuys, onder-voorsitter van die A.S.B. en direkteur van Binnelandse Studenteverhoudinge van die A.S.B. in 'n onderhoud gesê na aanleiding van 'n mosie wat onlangs op die jaarlikse monstervergadering van die Maties met 'n groot meerderheid aangeneem is.

Die mosie wat deur mnr. Fluff Fullard, lid van die Studenteraad ingedien is, lui dat „Die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch moet affilieer by die Afrikaanse Studentebond op die basis van die aantal studente wat hulle vrywillig en individueel by die Stellenbosse tak, soos verteenwoordig deur die ASB-komitee aansluit."

Mnr. Geldenhuys het gesê dat die mosie ongeldig is omdat dit individuele lidmaatskap verbind met 'n bond waarby alleen liggame kan affilieer. Die hele saak van affiliasie berus by die Studenteraad en die hoofbestuur van die A.S.B. — (D.V.)

Nuwe president van N.U.S.A.S.

Mnr. Ian Robertson (20), 'n B.A.-student in sy finale jaar aan die Universiteit van Natal, is tot nuwe president van Nusas verkies. Hy volg mnr. Maeder Osler op.

Jan Schutte bewys hier sy mededeelsaamheid as hy die dametjie se bord vul met kerrierys tydens die onlangse Interuniversitêre eetbyeenkoms tussen die Pukke en die Kovsies. Ook hier was die uitslag taamlik gelykop.

Foto: Fotokuns

Die twee Pukdames vind 'n skildery van die Vlaamse skilder, Floris Jespers baie interessant. *Foto: Fotokuns.*

VLAAMSE SKILDER STAL UIT IN KUNSLOKAAL VAN P.U.

Skilderye van die Vlaamse skilder Floris Jespers, is van 2 tot 9 Augustus in die kunslokaal van die Frans du Toit-gebou uitgestal. Die uitstalling is aangebied deur die Departement Kunsgeskiedenis.

Hoewel Jespers deurgaans 'n liefde vir donker en somber kleure toon, is daar tog enkele skilderye waar die felheid van kleur en meer dikwels die sonderlinge kombinasie van treffende kleure en geometriese samestelling, opvallend is. **(Kongolese Bome, Veelkleurige Inlandse Mark.)**

INSPIRASIE

Byna al die olieverfskilderye is feitlik volmaakte geometriese samestellings. Dit is interessant om te weet dat hy die Kongo, wat gewoonlik as inspirasie dien deur die sterk tropiese kleure, in al sy skilderye verwerk tot 'n feitlik matematiese eenheid van verskeie figure.

Een van die sonderlingste skilderye is ongetwyfeld die Bruid, 'n werk wat so sprekend skugter en opvallende maagdelik lyk dat geen string byskrifte nodig is as die enkele titelwoord nie.

Die 96 etse is almal uitmuntend, veral die Harlekyn-reeks. Daar is kunskenners wat beweer dat Jespers se beste werke etse is. — H.M.

TX MODISTE
(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon
Kerkstraat 183 Tel. 4856

Truk-toneel was kostelik en vermaaklik

'n Kostelike en hoogs vermaaklike Truk-toneel is op 25 en 26 Augustus in die Potchefstroomse stadsaal opgevoer.

Die naam van die stuk is „Soldate Vryers", met Francois Swart as regiseur.

KUNSGESELSIE

Die feit dat die moderne jongmens in die algemeen gesien word as 'n gefrustreede, siniese jongeling met die gees van 'n afgeleefde oue van dae, kon nie sommer net êrens vandaan gekom het nie. Daar moet dinge wees wat aanleiding gegee het daartoe. En daar is ook, alhoewel dit moeilik s om die vinger daarop te lê en te spesifiseer.

Afgesien van die lewensmoeë beatniks wat in koffiekroeë oor die hele wêreld aangetref word, is die afgematheid en algemene lewensmisnoeë van die meeste jongmense aan ons universiteite, in ons stede en ook op die platteland werklik skreiend.

Sommige mense soek — en vind — bloot sielkundige redes vir hierdie skrikwekkende verskynsel. Andere skryf dit toe aan ouers wat hulle kinders verwaarloos, sodat hulle doelbewus streef daarna om die ouer geslag te mishaag, hulle bewus te maak van die tekortkominge in die opvoeding wat hulle gekry het. Dit, en talle ander oorsake wat met die loop van tyd al opgediep en logies verklaar is, is heeltemal aanvaarbaar. Maar 'n belangrike oorsaak wat nie oor die hoof gesien of weggeredeneer kan word nie, is dat die neiging in die moderne letterkunde, naamlik die oorhelling na verbittering en sinisme, 'n baie groot aandeel in hierdie veroudering van die jeug van die wêreld het.

Hoeveel van die sogenaamde kunswerke van die Sestigers is nie verbitterd, sinies en lewensmoeg nie. Hoe dikwels kry ons nie in hierdie kuns 'n totale aftakeling van die waardering vir die skone, die mooie, die waardes van gesonde en gelukkige mense nie..

Die slagkreet van die moderne neigings in die letterkunde kan vereenvoudig en saamgevat word in die woorde: „Daar moet tog oor die lelike dinge ook geskryf word" Dit is wel waar, en dit is verstaanbaar dat dit moontik meer effektief sal wees om oor minder mooi dinge minder mooi te skryf, maar dit gee nog nie aan die kunstenaar die reg om oor die dinge verbitterd en sinies te raak en te wil hê die hele wêreld moet die houding inneem nie. En iets kan nog altyd kuns wees — eintlik kuns van 'n hoër gehalte — as dit in eenvoudige taal met paslike woorde en beelde uitgedruk word, al is dit dan ook oor iets wat die estetiese gevoel as sulks sou koudlaat.

Maar waarom dan oor dit wat werkik skoon is ook verbitterd wees, die ware mooiheid van die lewe wil versmoor onder 'n klomp wrange woorde en siniese gedagtes? Niemand leef vandag meer in die waan dat die lewe 'n bed van rose is nie, maar die betaan van dit wat ewig mooi en rein sal bly kan nie ontken word nie. Waarom wil dit dan ontken word? Dit sou immers baie meer waardevol vir enigiemand wees om gewys te word op die klein bietjie skoonheid in die wat vuil en lelik gewaan word, as om onder die verwronge idees van een gees toegegooi te word, verblind te word vir dit wat ongetwyfeld mooi is.

Ongelukkig is die jeug ewig opstandig, altyddeur vatbaar vir rewolusionêre invloede — ook in die estetiese lewe. Daarom vind siniese letterkunde, wrange uitbeeldinge 'n vrugbare teelaarde in die gees van die jongmense. Dit is die begin van 'n ongelukkige kringloop: lewensmoeë jongmense word versteurde volwassenes wat siniese kinders die wêreld instuur.

Musiekliefhebbers geniet die strykkwartet terdeë in Konserwatorium

Die Parrenin-strykkwartet, wat op Saterdag 14 Augustus in die Konservatoriumsaal opgetree het, het besonder byval by die musiekliefhebbers van Potchefstroom gevind.

Die kwartet, wat bestaan uit Jacques Parrenin, Marcel Charpentier, Dénes Marton en Pierre Pénassou, het werke van Mozart, Debussy en Beethoven uitgevoer, asook drie toegifte.

INTENSITEIT

Die Debussy-strykkwartet het klaarblyklik die meeste byval gevind as gevolg van die sprankeling waarmee die verassende klankeffekte en vreemde harmonieë vertolk is. Die Beethoven-strykkwartet, wat dikwels al beskryf is as „nie van hierdie wêreld nie," is uitgevoer met 'n intensiteit wat byna tot by die grense van die musikale reik. Soos die komponis dit ook bedoel het, het hierdie groep kunstenaars hulle geheel-en-al losgemaak van die materiële en die werk met aangrypende gevoel uitgevoer.

Ook die Divertimento van Mozart, wat eerste uitgevoer is, is vertolk met 'n gevoeligheid wat mens slegs by die ware kunstenaar aantref. Die gehoor se aanhoudende en dawerende applous was getuie van hulle waardering vir hierdie sonderlinge vertolking. — H. M.

Skrywer gee sy redes waarom sestigers faal

Die invloed van die Sestigers is kleiner as wat algemeen aanvaar word, het mnr. Kas van den Bergh bekende Afrikaanse skrywer op 25 Augustus voor 'n vergadering van die P.U. Letterkundige Vereniging gesê.

Mnr. Van den Bergh het gesê dat die groep skrywers slegs die letterkundiges, filosowe en studente in die letterkunde bereik. Juis daarom faal hulle. Hulle bereik nie die gemiddelde mens nie.

Prof. P. D. van der Walt het mnr. Van den Bergh bedank vir sy intellegente toespraak en gesê dat hy sy lewe sal kan indeel in 'n tydperk voor en 'n tydperk na Kas van den Bergh.

MNR. KAS VAN DEN BERGH

Besoek eksotiese Suid-Amerika

'n Volle 26 dae in Suid-Amerika



17 JAN.—14 FEB. 1966

'n Opwindende 29-DAAGSE T.F.C.-LUGTOER wat die meeste vrolike stede en lieflike natuurskoon dek teen 'n SPESIALE ALLESINSLUITENDE PRYS wat helfte is van die gewone lugtarief!

'n Wonderlike ekskursie vir jongmense!

R570
(INSLUITEND)

RIO DE JANEIRO, SAO PAULO, PORTO ALEGRE, MONTEVIDEO, BUENOS AIRES

Skakel u plaaslike Reisagent of
T.F.C. TOURS (EDMS.) BPK.
4de Verdieping — New Plaza Centre,
H/v. Rissik- en Jeppestraat,
JOHANNESBURG. Tel. 838-3011

'N TFC -TOER

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

As Oosterhof se haan verjaar, word al wat leef en beef uitgenooi. Hier staan Staal Burger (met die kettings om die nek) in teenwoordigheid van twee karakters uit een of ander feëverhaal.
Foto: Fotokuns

Nusassiete en Libbies by Wits uitgedaag deur Konserwatiewes

Konserwatiewe studente aan die Universiteit van Witwatersrand het die stryd aangesit teen die Nusassiete en Libbies (studentenaam vir die liberaliste) wat die studentelewe hier net soos in Kaapstad domineer, luidens 'n berig in Die Vaderland.

Trots 'n geweldige teenpoging deur die Libbies, het konserwatiewe studente onlangs 'n Conservative Club gevorm, met mnr. Winston Herzenberg as voorsitter. Die vergadering op die kampus was woelig omdat die opposisie in groot getalle opgedaag het om die stigtingspoging te probeer fnuik. Die voorsitter het beslis dat alleen studente wat die ledeboek van die Conservative Club teken, mag stem en het aldus die opposisie verydel.

Vyf studente is ook op 'n konserwatiewe lys genomineer vir die verkiesing van die twintig lede van die Studenteraad die week aan Wits. Mnr. Murray, voorsitter van Nusas, is uitgedaag tot 'n monstervergadering.

Die Studenteraad aan die Universiteit van die Witwatersraand dwing, net soos in Kaapstad die voorwaarde van „oop" lidmaatskap op alle verenigings af.

Jaarkongres van Instituut in Oos-London

Die veertiende jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke aangeleenthede word gehou van 30 Augustus tot 2 September in Oos-Londen.

Die Raad van die Potchefstroomse Munisipaliteit het raadslid J. Tait en mnr. Paul Riekert, bestuurder van Nie-blanke Sake, afgevaardig, terwyl prof. H. J. Coetzee hoof van die departement Volkskunde en Naturelle-administrasie aan die P.U. deur die P.U. afgevaardig is.

AANLOKLIKE A.S.B.-TOER IN VOORUITSIG GESTEL VANJAAR

Switserland! Duitsland, en sommer nog baie ander lande. Dit is die vooruitsig van studente wat vanjaar met die A.S.B.-toer vroeg in Desember oorsee vertrek.

„Geld is nie die groot probleem nie. As pa se sak nie alles kan voorsien nie, is daar baie lenings tot ons beskikking", skryf mej. Wilna le Roux, plaaslike skakelpersoon aan die Wapad. Die tyd raak kort en na die Universiteitsloopbaan is daar nie gou weer so 'n gulde geleentheid nie.

Brosjures is beskikbaar by mej. Le Roux. Pukke word aangeraai om direk met die Direkteur van Toere, mnr. Danie du Toit van Stellenbosch, te skakel.

„Kom Pukke, ontspan oorsee na 'n jaar van swoeg en sweet agter die boeke."

Studente wat vanjaar saam met die A.S.B.-toergroep oorsee vertrek, kry sommer baie geleenthede om tonele soos hierdie in Duitsland, Switzerland en ander Europese lande te sien.

Jaarvergadering se referate is verkrygbaar

Referate wat by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns onlangs te Potchefstroom, gelewer is, kan in 'n gedrukte bundel bestel word vanaf die Akademiekantoor, Posbus 538, Pretoria.

Aftredende redakteur neem afgelope jaar in oënskou

'n ONVERVULDE wens van menige voorsitter of leier van 'n studentegemeenskap is sekerlik om aan die einde van sy termyn by wyse van afsluiting „lekker uit te praat en te sêwat hy wil sê. Die voorreg is geeneen van die studentemassa egter ten volle beskore nie, omdat 'n mens altyd gebind word deur sekere tradisies, etikette en sommer ook net goeie maniere.

Aan die anderkant is dit die voorreg van die koerant om nie alleen nuus te lewer nie, maar ook om te vertolk en kommentaar te lewer. Dit sou dus vir 'n uittredende redakteur redelik maklik wees om in sy laaste uitgawe die wêreld aan die brand te steek wel wetende dat hy nie die gevolge daarvan in 'n volgende uitgawe sal hoef te verantwoord, of dalk voor die tyd uitgeskop sal raak nie.

Gedagtig aan die verantwoordelikheid van die pers en die inhou van die voorgaande paragraaf sal dit miskien goed wees om na 'n termyn van 'n jaar enkele aspekte die studentelewe aan die Puk in oënskou te neem.

JAMMER

Dit is jammer dat die Studenteraad vanaf 18 Maart 1965 tot 25 Augustus gesloer het met die plan vir Inlywing — presies twee weke voor die verstryking van sy termyn. Dit is egter net so jammer dat die studentemassa nooit daarop aangedring het dat die S.R. 'n vergadering op 'n vroeër datum moet belê ten einde die saak af te handel nie.

'n Studentekoerant is geen studentekoerant indien dit nie die volle veld van studenteaktiwiteit dek nie. Redaksielede is nie voltyds aangestel nie en kan derhalwe nie alles bywoon en van alles bewus wees nie, daarom sal dit goed wees indien instansies wat hulle saak op studentevlak wil propageer, of onder ander se aandag wil bring, met Die Wapad skakel en die lede daarvan in kennis stel. Sodanige instansies kan gerus ook daaraan dink om komplimentêre kaartjies aan die Redaksie beskikbaar te stel, sodat die verslaggewer nie nog nodig het om te betaal om 'n ander se saak te bevorder nie.

Studente in die Perswetenskap kan daaraan dink dat hulle hier in die Redaksie 'n praktiese oefenterrein vir hulle toekomstige beroepe het.

KOMMENTAAR

Die mening van die huidige voorsitter van die Studenteraad, dat kommentaar op die doen en late van die S.R. deur Die Wapad goeie vrugte tot gevolg kan hê, kan gerus opgevolg word. Daar moet egter net in gedagte gehou word dat sulke kommentaar eerlik, objektief en waar moet wees, en dat Die Wapad nie ontaard in die spreekbuis van een of ander groep nie.

'n Nuttige wenk wat miskien ook in die midde van volgende Studenterade gelê kan word, is dat hulle in gedagte kan hou by die aanbeveling van 'n persoon vir die Abe Baily-toekenning, dat sodanige persoon nie noodwendig die voorsitter, ondervoorsitter of indien hulle nie kan gaan nie, 'n ander senior S.R.-lid hoef te wees nie. Enige student selfs 'n junior-lektor, kan vir die toekenning benoem word.

BELANGSTELLING

Op hierdie trant kan daar lank voortgeborduur word en dan sal alles nie eers genoem kan word nie. 'n Mens dink byvoorbeeld aan die swak opkoms by die laaste massavergadering, die vreemde voorwerp wat nou al vir meer as twee weke aan die vlagpaal van die Hoofgebou hang, aan die Pukke wat nie weet dat „Hoofredakteur-D.W." staan vir Die Wapad en nie vir 'n persoon se naam nie, aan die min belangstelling wat daar vir ander Suid-Afrikaanse universiteite en hulle studente bestaan—so swak dat eers die Interuniversitêreartikel in Die Wapad 'n kwyndende bestaan moes voer en selfs die S.A.-Student doodgeloop het.

Maar 'n mens dink ook terug aan die belewenis van 21 Augustus toe die Puk soos een man weer sy studentegees aan die dag gelê het, en almal kon meedoen aan daardie seldsame gevoel van „waarlike student wees", iets wat vir die toekoms nie verlore mag gaan nie.

Jaarvergadering se referate is verkrygbaar

Referate wat by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns onlangs te Potchefstroom, gelewer is, kan in 'n gedrukte bundel bestel word vanaf die Akademiekantoor, Posbus 538, Pretoria.

J. HEIDEMA
Vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk
—
Opberging
van fietse gedurende vakansies
Kerkstraat 48 —Tel. 5319

Die Wêreldnaam in Sigarette

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA – OOK IN GROOT BRITTANJE, AUSTRALIË, NIEU-SEELAND, NEDERLAND, RHODESIË, MALEISIË EN KANADA
KSF 314-A

SANLAM
vir Beskerming

AJAX
Boeke en Skryfbehoeftes
(Edms.) Bpk.
Tel. 6175 — Posbus 43
Kerkst. 159, Potchefstroom

Ruikers vir alle geleenthede
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

GROSVENOR
EN
GOUGH MOTORS
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

U koop graag
VEKA
Daarom koop u by die enigste VEKA-uitrusters in die dorp . . .
Pan Coetzee
Mans- en Sportuitrusters

I. GLASER
— JUWELIER —
VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!
Kerkstraat 187 Tel. 3622

MOOIRIVIER APTEEK
Kerkstraat 205 Tel. 6341
Agente vir:
„Helena Rubenstein"
-Skoonheidsmiddels

die WAPAD
DONDERDAG 2 SEPTEMBER 1965

GEESGENOOT?

DIE nuwe Afrikaanse Universiteit wat aan die Rand beoog word, is vir die Afrikaner vandag verblydende nuus. Veral word ook die ware P.U.-kaner daarby betrek as dit gaan om die karakter van so 'n inrigting.

Krete gaan gedurig op teen die idee dat so 'n inrigting sonder die sogenaamde gewetensklousule sy koers moet inslaan as 'n Universiteit met 'n spesifiek Christelik-nasionale grondslag. Sien 'n mens egter wie hierdie lawaaimakers is, word dit dadelik baie duidelik waarom dit gaan. Onlangs het „The Star" in sy hoofartikel heftig beswaar gemaak teen die idee dat die gewetensklousule geskrap moet word.

Vir elke Afrikaner en Christen bly dit egter baie duidelik so 'n inrigting sy Christelike standpunt in die wetenskapsbeoefening moet waarborg, soos ook versoek is tydens die onlangse streekskonferensie van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys in Johannesburg.

Dat die taak van hierdie beoogde Universiteit moeilik gaan wees is geensins te betwyfel nie. Ons kan slegs die vertroue uitspreek dat dit 'n geesgenoot sal wees, 'n geesgenoot in die ware sin van die woord; 'n inrigting wat sy kleur baie duidelik sal toon en nie vir een oomblik sal huiwer om dit duidelik te formuleer en te stel op die Christelike opvatting en lewensbeskouing nie.

Was die krete wat ook opgaan vir akademiese vryheid en wie weet wat se vryheid nog (soos deur die liberalistiese studente van Kaapstad bewys is deur die K.S.V. tot niet te verklaar), maar enigsins op ware vryheid soos die Christen dit ken, gebaseer, sou daar geen probleme gewees het nie.

Ongelukkig is daar 'n ander soort vryheid waarna ons geagte Eerste Minister ook onlangs verwys het toe hy die studente van die Universiteit van Kaapstad gewaarsku het. Dit is 'n vryheid wat geen nugterdenkende mens begryp nie.

Die nuwe Afrikaanse Universiteit se taak is groter as wat 'n mens besef. Ook hy sal met hierdie valse krete te doen kry.

STUDENTERAAD

MET die Intervarsity agter die rug lê daar 'n volgende hoogtepunt voor vir elke regdenkende student. Dit is naamlik die verkiesing van die nuwe studenteraad vir die volgende termyn.

Die studenteraad is die liggaam met die hoogste gesag in die studentelewe. Dit is verteenwoordigend van die hele studentegemeenskap. Dit lei en regeer oor ons studentelewe.

Juis daarom is dit belangrik dat elke student deeglik sal besin voordat hy sy kruisie gaan trek. Dit bring hom oombliklik by die grondslag van die studenteraad wat gestel is op die leuse van die P.U. naamlik: „In U lig", en wat hierdie grondslag handhaaf in 'n spesifiek Calvinistiese en Christelik-nasionale sin.

Eers dan besef die ware P.U.-kaner hoe groot die verantwoordelikheid is wat ook op die skouers van hom as kieser rus. 'n Verantwoordelikheid om die regte keuse te maak en sy deeltjie by te dra tot die handhawing van 'n karakter wat uniek is in sy bestaan. Die doelbewuste uitbou van hierdie karakter berus dan ook tot 'n groot mate by die indiwiduele student wat ons studentelewe in die regte perspektief moet sien.

Ons kan net die vertroue uitspreek dat die toekomstige studenteraadslede ook mense sal wees wat die belange van die studentegemeenskap op die hart dra. Mense wat die gesag wat aan hulle toegesê is, reg sal gebruik om ons studentelewe op die regte koers te hou.

— Deur My Lens —

„THERE is a lot wrong with this country, but there is a lot right, too" sê die Oos-Londense DAILY DISPATCH in 'n hoofartikel. Nasionalisme is waarskynlik die grootste probleem van die Kerk in Afrika, sê die Anglikaanse deken van Salisbury. Die Britse Arbeiderregering het die jaarlikse Statebonds-immigrasiekwota van 20.800 tot 8,500 gesny. Die Australiese Arbeidersopposisie het eenparig die „wit-Australië" immigrasiebeleid afgekeur ten gunste van selektiewe keuring.

STUDENTE

Meer as 165,000 Afrikastudente studeer tans aan Westerse universiteite teenoor 23,000 aan Kommunistieses. Daar is slegs meer as 1,000 studente aan die drie Bantoe-Universiteitskolleges in Suid-Afrika. Die Kabinetsbesluit om Unisa nie te verskuif nie maar om 'n nuwe Afrikaanse universiteit aan die Rand te begin, word verwelkom.

GRENSE

Beide die Amerikaanse skooleen universitêre rekords vir die myl het vanjaar deur die 4 minute-grens gebars. Wanneer hulle wakker is, bring normale tienderjariges 95 persent van hulle tyd op hul sitvlakke deur, beweer 'n DAGBREEK-artikelskrywer. 'n Outomatiese toebroodjiemaker is in Japan ontwerp.

SPECTATOR.

In U Lig

VERKIESING

„Maar hulle het stilgebly; want hulle het op die pad met mekaar gepraat oor wie die grootste is. En toe Hy gaan sit het, roep Hy die twaalf en sê vir hulle: As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees. — Markus 9 : 34 — 35.

Ons is weer in die tyd van verkiesings. Ons gaan verkies word om diens te verrig aan ons universiteit in die studente-aktiwiteite. Verkiesing is met die oog op diens.

Jesus het ook 'n groepie eenvoudige mense verkies om in sy heerlike diens te staan. Sy dissipels is geroep om reeds tydens sy omwandeling belangrike werk te verrig, maar daar sou vir hulle na sy hemelvaart die groot werk kom om hom heen te gaan na alle nasies en Christus daar te verkondig.

Hy onderrig hulle oor sy lyde en sy opstanding, maar daarvan verstaan hulle niks nie. Hulle verlustig hulle by voorbaat in sy Koninkryk. Waar hulle hier so geredeneer het oor wie die grootste is, is dit seker nie te veel gesê as beweer word dat hulle vir daardie oomblik vergeet het dat hulle moet dien nie. Hulle sien hulleself as mense wat loon moet ontvang en betoon hulle so nie as ware diensknegte nie. Verder verbreek hulle ook die eensgesindheid wat onder diensknegte moet wees wat moet saamwerk. Die redenering was seker nie om die minste te wees nie, maar wel oor wie die meeste moet wees. Hulle het meer op hulleself as op die Koning van die ryk gesien.

Ons moet ook maar diep in ons eie harte inkyk of dit nie ook vir ons om onsself gaan nie, of ons nie soek na ons eie eer nie, en daarmee die dienswerk van Christus belemmer nie. Want oral waar u staan, moet u uself sien as van die Here geroep om te arbei tot sy eer. Daar is dikwels by ons die dienswerk van 'n valse selfverloëning — die diens wat wil hê dat ander dit moet opmerk om ons dan te eer en te waardeer.

Grootheid bestaan in ware diens aan Christus, diens uit liefde *vir Christus,* en nie vir onsself nie.

Ons moet self altyd minder word en Hy altyd meer.

Die Wapadleser is ontevrede

Geagte Redaksie,

In die Wapad van 23 Junie word André Brink, onder opskrif „Pukke in die Kunswêreld," opgehemel as 'n briljante skrywer.

Die amptelike studente-orgaan van 'n Christelike Universiteit, wat veronderstel is om Gods eer in alles na te streef, gryp hiermee na die roem (of berugtheid) wat 'n persoon verwerf het deur kuns te lewer, radikaal in stryd met die karakter van die P.U. — net omdat hy 'n oud-student van die Puk is!

'n Christelike Universiteit soek naars wat aan die P.U. studeer het, gestateer word. Wil u ontken dat dit 'n feit is dat André Brink briljant is? En dat sy briljantheid 'n gawe van God — ook ons God — is?

In bogemelde artikel is geen verwysing eers na André Brink se lewensbeskouing gemaak nie. Dit is 'n totaal objektiewe statering van feite.

Dit getuig van 'n engheid van gees (wat beslis NIE Christelik-Calvinisties is nie) om die prestasies van iemand wat nie dieselfde lewensbeskouing as jyself huldig nie, sonder meer te veroordeel. Des te meer as daardie lewensbeskouing (in hierdie geval) gewortel is in 'n „basies religieuse instelling," (N.P. van Wyk Louw oor André Brink.)

Die Wapad word wel deeglik gesensor, en deur besonder bekwame persone. En GEEN artikel word geplaas om „eie eer" te soek nie.

Kunsredaktrise.

Tussen Ons Gesê

Eie Eer in die „roem" van mense wat hulleself „Voortrekkers sonder Bybels" noem! Hoe rym dit dan?

Terloops: word Die Wapad darem gesensor?

Pontifex Venter.

● Nuwe poste op die redaksie word reeds geadverteer. Die Kunsredaktrise antwoord u in onderstaande brief — Red. D.W.

Lewensbeskouing nie in gedrang

Geagte mnr. Venter,

Die artikel is een van 'n reeks waarin feite oor bekende kunste-

Wapad verskaf leser plesier

Geagte Redaksie,

As oud-student en nog steeds getroue leser van Die Wapad, wil ek u graag geluk wens met die puik standaard wat die P.U. vir C.H.O. se studenteblad op die oomblik handhaaf.

Die versorging en verskeidenheid van nuus verskaf 'n mens net soveel plesier as die lees van 'n dagblad.

Sterkte vorentoe,
Die uwe,
N. S.

ONTEVREDE



K.S.V. MOET NIE-BLANKES OOK TOELAAT AS LEDE -- REKTOR STEL VOORWAARDE

Die rektor van die Universiteit van Kaapstad, dr. J. P. Duminy het in 'n brief aan die voorsitter van die studenteraad laat blyk dat hy slegs bereid is om die Konserwatiewe Studentevereniging geleentheid tot voortbestaan te gee indien nieblankes as lede van die vereniging toegelaat word.

'n Ondersoek deur regsgeleerdes aan die Universiteit het aan die lig gebring dat weens beweerde growwe nalatigheid deur die studenteraad, die K.S.V. nog nooit as 'n erkende universiteitsvereniging enige bestaansreg gehad het nie. Die studenteraad het meer as 'n jaar gelede die K.S.V. se grondwet goedgekeur maar in gebreke gebly om dit aan die senaat voor te lê vir bekragting.

VOORSITTER

Mnr. Gert van Zyl, voorsitter van die K.S.V. het in 'n onderhoud aan die dagbladpers gesê dat hy die Rektor se besluit nie kan aanvaar nie.

„As dr. Duminy nie aan ons versoek voldoen nie, aanvaar ons dat hy nie bereid is om ons te help om te bestaan as 'n blanke organisasie nie", het mnr. Van Zyl gesê.

Gegradueerdes is by misdade betrokke

Ernstige misdade word deesdae beter beplan en dit is 'n feit dat meer gegradueerdes by misdaad betrokke is as wat by die polisiemag aansluit, het genl. J. M. Keevy, Kommissaris van polisie, 7 Augustus op Delmas gesê toe hy die dorp se nuwe gevangenis geopen het.

Daar word baie neerhalende dinge gesê van die polisie se akademiese opvoeding, het genl. Keevy gesê. Dit word egter uit die oog verloor dat wanneer 'n matriekseun tot die rang van offisier vorder, sy kwalifikasies gelykstaande is aan 'n universiteitsgraad.

BANTOES MET GRADE

Van die sowat 2,000 Bantoes in Suid-Afrika wat universiteitsgrade het, werk sowat 'n derde by die Departement van Bantoe-onderwys,

Die meeste van hul beklee vername poste soos skoolhoofde en lektore.

Amerikaners se sukses sit studente aan die praat

DIE SUKSES wat die Amerikaners onlangs behaal het op die gebied van ruimtenavorsing,s toe verskeie foto's van die planeet Mars geneem is, het weer eens aanleiding gegee tot die vraag of daar lewe op die planeet bestaan.

Verskeie „teorieë" het al die afgelope dekade die lig gesien. Veral onder die studente hoor 'n mens soms interessante bespiegelinge oor die onderwerp.

Die feit dat lewe op aarde voorkom tussen temperature van ± - 200°C tot 100°C d.w.s. 'n omvang van ongeveer 300°C, en die feit dat 'n mens in die natuur sekere mikroskopiese organisme aantref wat nie van suurstof gebruik maak in die asemhalingsproses nie, laat 'n mens die moontlikheid van lewe op ander planete sterk oorweeg, hetsy plante- of dierelewe, of welke vorm van lewe dit ookal mag wees. Met die wondere van die heelal in gedagte, kan weinig van ons nog met sekerheid sê dat daar onmoontlik lewe kan bestaan op Mars. Wetenskaplike gegewens wat tot dusver ingewin is, laat die mens steeds soek na moontlike tekens van lewe in die uitgebreide sonnestelsel.

Studente wat oor die onderwerp genader is, was dit eens dat die gewone man nie oor die nodige gegewens beskik om bevestigend te antwoord op die vraag of hy dink daar is lewe op Mars nie. Tog is dit interessant om te hoor hoe mense oor die moontlikheid voel.

Mnr. Louis Fourie, 'n B.Sc-student het gesê hy twyfel of daar enige dierelewe op Mars is, maar dat daar, indien daar wel lewe op die planeet is, 'n plantelewe sal wees. Maar die moontlikheid is glad nie uitgesluit dat dit 'n heeltemal ander tipe lewe kan wees as die wat ons ken nie.

Teologiese studente wat oor die onderwerp genader is, het gesê dat sover hulle kennis van die Bybel strek, hulle geen rede het om te glo dat daar nie lewe op Mars is nie. Aan die anderkant kan hulle geen getuienis gee dat daar wel lewe is nie. Dit toon weer eens dat ons die Woord van God nogmaals moet ondersoek aangesien daar vele verborgenhede in opgesluit lê, het een gesê.

„Dit is moeilik om te glo dat daar slegs op die klein ou planeetjie wat ons aarde noem, lewe kan bestaan," het mnr. Manie Bloemhof, 'n tweedejaar B.Sc-student gesê. As 'n mens dink aan die vele ander planete wat geskape is, dan wil 'n mens dikwels nie aanvaar dat daar slegs op die aarde lewe kan wees nie.

Mej. Ananda Oosthuysen studeer ook vir die B.Sc-graad en het op die vraag of sy dink daar is lewe op Mars, geantwoord: „Ek weet nie, maar dit sal nogal oulik wees as daar wel lewe is."

„Mars? Nee, ek weet nie waar Mars is nie, maar as dit 'n dorpie in die Vrystaat is, dan is daar beslis nie lewe op Mars nie", het mnr. J. C. Schöltz, 'n B.A.-student in sy derde jaar, ligtelik opgemerk.

— Tulané.

DR. H. F. VERWOERD

ONVERDRAAGSAAMHEID VAN DIE STUDENTE TE VER GEVOER

Op 17 Augustus het die Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd, in Pretoria gewaarsku teen die gevaar van neo-liberalisme en gesê dat studente van die Universiteit van Kaapstad wat so onverdraagsaam is teenoor konserwatiewe studente op hulle kampus is, sal vind dat hulle gedwing sal word om die landsbeleid na te kom.

Dr. Verwoerd het na die Universiteit verwys toe hy voorbeelde genoem het van hoe die neo-liberaliste optree.

Sodra die neo-liberaliste 'n bietjie gesag kry, wil hulle medestudente van die gronde afdwing net omdat hulle hulle 'n ander standpunt het. Kan 'n mens jou voorstel dat mense wat sê hulle staan vir vryheid en verdraagsaamheid nie ander kan duld net omdat hulle 'n ander standpunt huldig nie?

Besluit geneem oor eerstejaars

'n Besluit, waarvolgens aanbeveel word dat die eerste universiteitsjaar omskep moet word in 'n grondleggingsjaar om aan alle eerstejaars 'n algemene agtergrond in natuurwetenskappe en geesteswetenskappe te gee, is tydens die simposium oor die probleme van die eerstejaar-student op die wetenskapkongres in Oos-London aangeneem.

Die voorstel is deur dr. E. G. Malherbe, rektor van die Natalse Universiteit gedoen, en sal aan die Raad van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap voorgelê word.

At Neethling en Willie Venter lyk glad nie baie gelukkig nie. Hulle moes operateur speel tydens die inlê-fliek op Intervarsity-aand. Die projekter wou blykbaar nie saamspeel nie.
Foto: Fotokuns.

Strooibiljet doen aanval op uitnodigingsbesluit van Nusas-kongres

Sowat 3,000 biljette waarin 'n skermaanval gedoen word op Nusas en sy besluit om Martin Luther King na Suid-Afrika te nooi, is die 18de Augustus op die terrein van die Witwatersrandse Universiteit versprei.

Die biljet is uitgegee deur die Dirkie Uys-stigting en die Nasionale Raad vir die Bestryding van die Kommunisme.

Deur wie die biljette aan die universiteit versprei is, is nie bekend nie. Geen studenteraadslede kon vir kommentaar opgespoor word nie.

Studente het die biljette vroeg by alle lesinglokale gevind. Studenteraadslede het onmiddellik nadat hulle daarvan verneem het, beslag daarop gelê.

BIERMANSKAP!
LION LAGER
LEEUPLESIER!

PUKKE SE PRESTASIE STERF SKIELIK AS GEVAAR OP DIE HORISON VERSKYN

'Gewis is alles net 'n grap; ons speel in die Komedie mee. Geblinddoek met 'n lanferlap wat selfs die son 'n skadu gee." Sou Eugene Marais dalk aan 'n student op Maandag na 'n Intervarsity gedink het, toe hy die troefkaart aan Skoppensboer gegee het?

Nog 'n Intervarsity het hom afgespeel en dié slag het 'n drama hom eintlik voltrek want die Pukke het reggekry wat baie van ons seker nie in ons wildste drome kon voorsien nie. Die Vrystaters is toe hier weg met geen herinneringe van 'n triomftog nie en in die Puk-gemoedere het die uitslag van die stryd vir 'n paar oomblikke baie harte opgewonde en bly gemaak.

DEMP

Wat gebeur toe? Hoekom sterf die prestasie dan so gou en waarom is 'n Maandagmôre in staat om mens „halfnugter en verleë" selfs na 'n Intervarsity agter te laat. Dalk moet ons die oorsaak soek in die somerhitte wat seker ook die geesdrif so bietjie kan demp. Maar die oorsaak van die stilte onder die studente is seker die gevaar wat op die horison verskyn het, want saam met die bloeityd kom bloktyd en dit waarop bloktyd uiteindelik uitloop. (Kom ons ontwyk die woord maar. Mens wil mos nou darem nie die verbeelding van studente onderskat nie, of hoe?)

DELIKATE

Kom ons los nou maar die „spook" agter die bult en hou op om te dink oor die eintlike betekenis van die woordjie „student". Per slot van rekening is daar mos volgende jaar weer 'n Intervarsity. O ja, daar's dan seker ook weer die kwessie van wie laaste lag, maar oor sulke delikate onderwerpe laat ons maar alleen Eugene Marais toe om te filosofeer.

Min. Vorster het kos geprys in manskoshuis

„Ek het gedink die kos is amper te goed vir studente," het mnr. John Vorster, minister van Justisie onlangs voor die A.S.B.-tak van die P.U. gesê na afloop van 'n eetmaal met studente in een van die P.U. se manskoshuise.

Verlief Verloof Verlore?

Dagsê alle slepers.

Vandag wil ek sing, ek wil fluit en weer sing,
My inspirasie? O, dit was 'n ring.
Die mense die sleep, kys, raak verloof,
En voor ek mooi weet is ek van nog twee lesers beroof.
Om alles te kroon, werk die mense dat dit bars
Om 'n nuwe wysie te skryf vir die ou troumars.
Een van die mense is mnr. Arrie de Beer
— ja einste hy, ons hoofredakteur —
wat glo nagte deurwerk sonder ophou vir tee.
Sy inspirasie is weer Nicolette Coetzee.
Ja, Arrie maak planne, hou hom maar dop.
Na die einde van die maand is hy kniediep in die sop.
Ons wens hulle alles wat goed is en mooi is
En teëspoed wat so klein soos die kleinste klein vlooi is.

VERLOOF

Jan Bradley en Babs van Niekerk is twee van die mense wat deesdae mekaar se lewens verlig, terwyl Hermien Kruger die hele wêreld om haar belig met Petri Coetzee se ring.

Martie Henn loop deesdae met 'n yslike groot ring van Schalk du Plooy rond, terwyl Johannatjie du Toit en Frans van der Walt hierdie uitgawe van die Wapad netnet gemaak het.

Aan al vier hierdie pare wil ons alles van die heel mooiste en ligste toewens vir die toekoms. Voorspoed!

Om nou oor te gaan na die „ligter" sy van die saak:

Diedie Diedriks wil nie vir my sê wat is Andries Neethling se naam nie, nou kan ek nie vir julle vertel met wie sy sleep nie.

Roelf du Plessis het gesien dat Wilna le Roux nooit al die dinge van die A.S.B.-toer self kan behartig nie: nou help hy haar. E..e..hoe het ek nou weer gesê, waarmee help hy haar? ....

Ek dink nou net so by my sigselwers: ek wonder of Louis Tiedt nie meer agter die strikkie as agter die hondjie aan is nie. Wat dink jy Jan?

NADRAAIE

Die ware nadraaie van die twee toere kom nou eers aan die lig. Kyk nou maar vir Jan Schutte en Ila Venter. Marteli du Plessis en Dirk Koch is natuurlik ook nog daar.

As ek nie lateraan ou koeie uit die sloot wil grawe nie, sal ek nou moet vertel van Retha van Schalkwyk en Urbie Geldenhuys Wat moet ek vir julle vertel?

Hoe sal mens nou sê: het Rosalie de Klerk vir Poen Coetzee gepluimveer of geveerpluim?

Tog wonderlik wat sport aan 'n romanse kan doen, nê? Kyk maar hoe 'n groot stoei-entoesias is Donsie Schutte deesdae.

Raai waar gaan Helen die langnaweek heen? Way, as sy nie Durban toe gaan nie, eet ek my hoed op.

WAARDE

Die Intervarsity het ook sy merk gemaak, ne? Ek sien my ou volkie het so al slepend van die pawiljoene af gekom. Party het lank na die einde nog op die pawiljoen bly sit om waarde vir hulle geld te kry. So het ek vir Emmarentia Kruger ook daar gekry lank nadat die wedstryd al verby was. Maar Leon het soms gesorg dat jy waarde vir jou geld kry, jong.

Soort soek soort, behalwe vir die „le" is dit in die geval van Frannie le Roux en Willie Roux baie waar.

My ouma het altyd gesê: wat gewees het sal weer wees, en vandag moet Maritha Post haar gelyk gee, want Napoleon het weer opgedaag in die persoon van Napoleon Louw.

My fonteintjie sal nou vinnig moet opdroog; ek sal dus die volgende persone net eervol vermeld:

Helena Griffioen en Barney Crayton.

Rosa Otto en Scottie Scott.

Renske Sinia en Piet Konig.

Kobie Potgieter en Johan Erasmus.

Rosa Pieterse en Coetie Coetzee.

Elize Brill en Ockert Bosch.

en laaste maar nie die minste nie: Agnes Coetzee en Hendrik du Plessis.

BRIEWE

Ek het hierdie week twee briewe in my possak gehad: die een kom van Opspraak op K. Sy skryf sy is is 20 jaar oud, uiters aantreklik en begaafd, musikaal en wat nog, en sy vra manspersone wat nie besig is tussen half-sewe en half-agt saans om „persoonlik" met haar te korrespondeer.

Die ander briefie is van Moedeloos van D. Hy skryf dat hy 'n baie aantreklike man is, sjarmant, blonde hare, blou oë, Apollo gestalte ens. ens., maar tog wil die meisies nie vir hom „val" nie. Wat is dan verkeerd? Liewe Moedeloos op D, 'n kar is vandag al waarin 'n meisie belang stel. Ek sou jou dus aanraai om bietjie petrol op jou sakdoek te gooi, sodat die meisies kan dink jy besit 'n motor.

L'ENVOI

Nouja vriende, dit was die laaste keer wat jule die onvergelyklike voorreg kon smaak om deur my vermeld te word. Om in my reeds beroemde woorde aan te haal:

Kyk, dit word laat, die kermis is verby.

Kan jy dit nie begryp? Hier moet ons skei.

Vanaf volgende uitgawe sal 'n nuwe oom Piet Praatsiek met julle kom gesels.

Geniet die lewe verder en moet julle nie oor Kaaikie bekommer nie: elke skewe pot kry 'n reguit deksel.

Groete,
Kaaikie Kekkelbek..

,Tronkvole' van Dawie Doep kry eervolle ontslag

Mnr. Spekkies de Villiers se rooi Anglia het hom onlangs 'n paar benoude oomblikke besorg toe die polisie wyd en syd gesoek het na eienaars van rooi Anglias.

Spekkies, Piet Ferreira, Pieter Meyer en Dou Steyn is deur die polisie ondervra in verband met aanranding op 'n persoon, wat na bewering deur vier mans wat in 'n rooi Anglia gery het, aangerand is.

Die Pukke onder verdenking was inderdaad die slagoffers van „frats-omstandighede". Nie alleen was hulle vier in 'n rooi Anglia nie, maar hulle moes hulself een of ander tyd ook in die omgewing bevind het waar die aanranding sou plaasgevind het.

Die manne van Dawie Doep-Noord het ook nou nie juis bygedra om hulle vier makkers gerus te stel nie, want daar is selfs deur die ouens gepraat van die valbyl, die galg en die elektriese stoel. Baie van die Dawie Duppers het ook gespekuleer oor 'n staatsbegrafnis vir die „trankvoëls".

EERVOL

In die uitkenningsparade wat die Woensdag gehou is, het die mense onder verdenking se harte maar woes te kere gegaan en die breë glimlagte op die gesigte van die verdagtes het getuig van 'n eervalle ontslag.

Die feit dat die kêrels van Dawie Doep darem teruggekeer het en nie losies van die Staat ontvang het nie, was blykbaar 'n groot verassing want daar was reeds gereël dat hulle pos voortaan by die Sentrale Gevangenis afgelewer moes word.

Net 'n oomblik . .

„Dit is ons taak tussen die klein en nederige dingetjies: om met liefde te verhef, om sinryk te maak wat sinloos is." (John van der Berg).

Slepers van die week

Dok Briers en Richard Ingram lyk soos twee soldate wat waghou oor gevaarlike plofstowwe. Lyk hulle nie eensaam en verlate nie? Miskien verlore?

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

MOENS PRESTEER OP SOKKERVELD

Die Sokkerklub kan aan die einde van die jaar 1965 terugkyk op 'n baie aangename en suksesvolle sokkerseisoen. Afgesien van enkele laagtepunte kan daar ook op vele hoogtepunte gewys word wat vir sport aan die P.U. van onskatbare waarde is.

Belangstelling het geensins ontbreek nie. Vroeg in die seisoen moes daar reeds 'n derde span ingeskryf word in die reserweliga. Die gesonde belangstelling is die sportsoort van die Kovsies se kant af, het dan ook aanleiding gegee tot die eerste sokker-intervarsity wat baie goed afgeloop het.

AFRIGTER

Met 'n afrigter soos mnr. Bakker kon die klub nie anders as om vooruit te gaan nie. Hy het hom beslis baie goed van sy taak gekwyt. Prof. Sorgdrager, ere-president van die sokkerklub, het ook geen steen onaangeroerd gelaat om die klub tot sy reg te laat kom nie.

Afgesien van die ligabepalings het die klub ook verskeie vriendskaplike wedstryde gespeel teen Mafeking United en U.P. waar hulle waardevolle ondervinding opgedoen het.

Die stigting van die S.K.S.-klub het ook baie bygedra tot die welslae van die sokkermanne. Deur middel van die klub kon daar met verskeie ander klubs kontak gemaak word.

MEESTE

Die P.U. se sokkerspanne het vanjaar verskeie uitblinkers opgelewer. Name wat hier genoem kan word, is die van die Sasolburger, Johan Moens wat vir die meeste doele die seisoen verantwoordelik was. Chris Coetzer is nog 'n speler wat uitstaande spel gelewer het en in die nabye toekoms nog baie van hom sal laat hoor. Ander baie belowende spelers is: Awie Wright, Willie Brewis, Nap Louw, Manie Spoelstra en Piet Steyn.

Met Johan van Wyk aan die spits het die klub groot hoogtes bereik en behoort die P.U. binne die volgende paar jaar een van die beste sokkerklubs in Transvaal te hê.

—D.B.

JOHAN MOENS
Hy het vanjaar vir die meeste doele op die sokkerveld gesorg.
Foto: Fotokuns

Prof. Sorgdrager verduidelik hier aan sy sokkermanne hoe 'n mens moet maak as jy 'n wedstryd wil wen.
Foto: Fotokuns.

Tenniskampioenskappe lewer sprankelende eindwedstryde

Tydens die finale wedstryde in die mans-enkels en dames-enkels van die P.U.Tenniskampioenskap verlede week is spel van besondere hoë gehalte gelewer. Albei wedstryde is ge kenmerk deur skitterende spel en kan beskou word as die beste finale wat nog ooit op die Puk aangebied is .

In die dames-enkels het Louisa Joubert vir 'n groot verrassing gesorg toe sy geseëvier het met 4 — 6, 6 — 3; 6 — 3 teen Stella Venter, tans 'n eerstejaar op die P.U. Met haar pragtige styl verdien Louisa beslis om die nuwe kampioene te wees en met 'n bietjie afronding kan vanjaar nog veel van haar verwag word.

SKITTEREND

In die mans-enkels het Dawie Smith sy titel behou, toe hy Piet Mitchell in 'n sprankelende wedstryd met 6 — 8, 7 — 5, 6 — 4, geklop het. Nadat Piet Mitchell die eerste stel ingepalm en die tweede stel 4 — 1 voorgeloop het, het Dawie skitterend begin terugveg om die wedstryd na bykans twee-uur te wen. Hiermee tree Dawie vir die derde agtereenvolgende jaar as wenner uit die stryd.

Onlangs het Piet Mitchell vir 'n groot verrassing gesorg toe hy Theo Malan in die halfeindrondte uitgeskakel het. Hy was dan ook die gunsteling om die titel te buit na daardie goeie vertoning.

In die ander halfeindwedstryd het Pieter van der Walt met baie goeie spel vorendag gekom om vir Dawie Smith na drie stelle te dwing voordat Dawie kon wen.

Vir die eerste keer in 'n lang tyd het Puk vanjaar twee verteenwoordigers in die Wes-Tvl.-span. Hulle is Dawie Smith en Piet Mitchell.

Sportredaksie sê dankie

Die sportredaksie van die Wapad wil van die geleentheid gebruik maak om mnre. Reinie Monster en Danie van Wyk te bedank vir hulle samewerking en die hulp wat verleen is op die sportfronte die afgelope jaar.

Hartlike dank vir die bystand om die spoeduitgawe tydens Intervarsity moontlik te maak.

DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering
SAM 1365

Spaar By Volkskas
waar u geld
4%
op daaglikse saldo verdien en waar talle bankdienste kosteloos tot die beskikking van spaarrekeninghouers gestel word.
In 'n Volkskas-spaarrekening is u gelde Bank-veilig en u geniet al die voordele van 'n volledige bankdiens.
Open 'n spaarrekening vir uself, u vrou of u kind by Volkskas vandag.
VOLKSKAS BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)
Hoofkantoor: PRETORIA

Toe die foto geneem is tydens die onlangse Intervarsity teen die Kovsies het die spanning hoog geloop. Die punte op die telbord was 9 — 9 en die Pukke kon maar net nie deur die rotsvaste verdediging van die Vrystaters kom nie.

Oud-Puk word kaptein van Springbok-hokkiespan

Seker die grootste enkele sportprestasie deur 'n Puk is onlangs deur Barry Pithey behaal toe hy gekies is as kaptein van die Springbokhokkiespan.

Hy het aan die einde van 1961 die M.Sc-graad in Chemie aan die P.U. behaal, waarna hy na Johannesburg verhuis het. Barry Pithey het groot opgang in hokkie gemaak en selfs vir die Transvaalse B-krieketspan gespeel. Hy het as student aan die P.U. in sowel hokkie as krieket uitgeblink.

● **Geluk aan Barry, ons eerste Springbokkaptein.**

Rugbytoer in vooruitsig

Die eerste rugbysypan van die Puk gaan moontlik volgende jaar 'n toer na Oos-Transvaal onderneem. Plekke soos Nelspruit, Lydenburg, Ermelo, Bethal en Carolina sal tydens die voorgestelde toer besoek word.

Die toer behoort baie belangstelling uit te lok aangesien geen seniorspan van die P.U. vanjaar gaan toer het nie.

'n Afrigtingskursus gedurende Aprilmaand aanstaande jaar word ook in die vooruitsig gestel. Die kursus geskied volgens berigte op 'n „nasionale vlak".

Verskeie van die Puk se rugbyspanne het vanjaar kragte gemeet met spanne van ander universiteite en besonder goeie vertonings gelewer. Over de Voor het vroeg in die seisoen bewys gelewer dat die koshuisliga sommer uithalerrugby oplewer toe hulle in 'n pragwedstryd die Tukkies van Taaibos met 29 — 6 kafgedraf het. Na wat verneem word gaan die wedstryd 'n jaarlikse instellings word.

RHODES

Die eerste rugbyspan het kort daarna met die span van Rhodes afgereken. Hulle het aan die einde van die seisoen vir 'n eersterangse verrassing gesorg deur gelykop te speel teen die sterk span van die Kovsies.

Die onder-twintigs het ook vanjaar sommer windmakerrugby gespeel en die span van die Natalse Universiteit op eie werf met 8 — 3 oorrompel.

Teen Wits het hulle met 12 — 0 gewen maar was minder gelukkig teen die Kovsies en moes die knie voor die Vrystaters buig.

VELDE

Die rugbyvelde van die P.U. gaan na verneem word in die somermaande baie aandag geniet en daar behoort volgende jaar geen klagtes te wees oor die toestand van die velde nie.

D. B.

Hoe kan die man dit toelaat? Die foto is tydens die Intervarsity stoeiwedstryd geneem toe die Pukke die Kovsies met nege teen twee gewen het. Die Vrystaters lyk glad nie baie gelukkig oor die toedrag van sake op die mat nie.

Foto: Fotokuns.

P.U.-pluimbalklub sluit af teen Vierfontein

Die ligabepalings van die P.U.-pluimbalklub is afgesluit vir die seisoen. Nog net die een uitspeelwedstryd teen Vierfontein bly oor, volgens mnr. Paul Kruger, kaptein van die klub.

Die wedstryd teen Vierfontein sal beslis wie die Wes-Transvaalse kampioene is. Die Pukke het hulle afdeling oortuigend gewen en kan maklik sorg dat die Vierfonteiners op hulle baadjie kry. Vierfontein was die afgelope paar jaar die kampioene.

Mnr. Kruger het verklaar dat daar nog gereeld pluimbal gespeel sal word. Hulle hoop om binnekort beter geriewe te kry aangesien die klub se aktiwiteite tot nog toe baie aan bande gelê is deur onvoldoende fondse vir die aankoop van toerusting.

Hoewel die Pukke nie so goed vertoon het op die pasafgelope inter-universitêre toernooi nie, het hulle nogtans baie geleer, het hy gesê.

Hy gaan oorsee deelneem aan byeenkomste

Willie Coetzee, jong hekkiesatleet van die P.U. is ingesluit in die studentespan wat binnekort oorsee vertrek waar hulle aan verskeie Duitse atletiekbyeenkomste sal deelneem.

Tukkies kraai koning op eie hokkieveld -- sorg vir puik ontvangs

Drie spanne van die P.U.-hokkieklub het die afgelope naweek in Pretoria teen die Tukkies gaan kragte meet.

Die eerste mansspan het met ses doele teenoor drie verloor. Hoewel hulle die eerste helfte van die wedstryd baie goed vertoon het kon hulle die Pretorianers na rustyd nie keer nie. Die rustydtelling was drie punte elk.

Die Tukkies wat oor die diens van enkele Noord-Transvaalse spelers beskik het, het met goeie stokwerk voor die dag gekom en was een te veel vir die Pukkies

Die Pukke wat goed vertoon het is: Gert Kruger, Bossie Snyman, en Gavin Webster. Gert Kruger en Louw Aucamp het vir die besoekers doele behaal.

Die eerste span van die dames het briljant vertoon en baie lekker saamgespeel. Ongelukkig moes hulle die knie met 'n skrale 1 — 0 buig.

Die mans se tweede span het nie te goed gevaar nie en 'n deeglike loesing op die lyf geloop.

Hoewel die Pukke nie gewen het nie, het hulle sommer baie vriende gemaak. Hulle kan almal getuig van 'n puik ontvangs wat op hulle gewag het. Die aand is afgesluit met 'n onthaal by die Harlequinsklub.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

Paradise Restaurant
Die plek met
SNOEKERTAFELS
Tomstraat 86 Tel. 5474

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS aanbeblief . . ."
Turkstra
TE KRY BY U KAFETERIA

Dit is die snit wat tel . . .
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies
J. Tod Suttie
Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 3411

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING

DIE BULT-APTEEK
Tomstr. 88b & c — Tel. 5943
Ondersteun 'n Oud-Pukkie